# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Friday 15 April 1983 — WINDHOEK — Vrydag 15 April 1983 — No. 4771

CONTENTS:

Page

PROCLAMATION

Legislative Assembly of the Whites: By-elections: Electoral Divisions of Windhoek West, Pionierspark and Grootfontein: Determination of dates and incidental matters 1

INHOUD:

Bladsy

PROKLAMASIE

Wetgewende Vergadering van die Blankes: Tussenverkiesings: Kiesafdelings Windhoek-Wes, Pionierspark en Grootfontein: Bepaling van datums en verbandhoudende aangeleenthede 1

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 8 1983

LEGISLATIVE ASSEMBLY OF THE WHITES: BY-ELECTIONS: ELECTORAL DIVISIONS OF WINDHOEK WEST, PIONIERSPARK AND GROOTFONTEIN: DETERMINATION OF DATES AND INCIDENTAL MATTERS

WHEREAS under section 9 of the Representative Authority of the Whites Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 12 of 1980), vacancies in the Legislative Assembly of the Whites have been declared to have occurred in the electoral divisions of Windhoek West, Pionierspark and Grootfontein;

AND WHEREAS section 10 of the said Representative Authority of the Whites Proclamation, 1980, read with section 3 of the Divisional Elections Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 46 of 1980), determines that the said vacancies in the said Legislative Assembly shall be filled in accordance with the provisions of the said Divisional Elections Proclamation, 1980;

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 8 1983

WETGEWENDE VERGADERING VAN DIE BLANKES: TUSSENVERKIESINGS: KIESAFDELINGS WINDHOEK-WES, PIONIERSPARK EN GROOTFONTEIN: BEPALING VAN DATUMS EN VERBANDHOUDENDE AANGELEENTHEDE

NADEMAAL kragtens artikel 9 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Blankes, 1980 (Proklamasie AG. 12 van 1980), verklaar is dat vakatures in die Wetgewende Vergadering van die Blankes ontstaan het in die kiesafdelings Windhoek-Wes, Pionierspark en Grootfontein;

EN NADEMAAL artikel 10 van genoemde Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Blankes, 1980, gelees met artikel 3 van die Afdelingsverkiesingsproklamasie, 1980 (Proklamasie AG. 46 van 1980), bepaal dat bedoelde vakatures in genoemde Wetgewende Vergadering gevul word ooreenkomstig die bepalings van genoemde Afdelingsverkiesingsproklamasie, 1980;

NOW THEREFORE, under section 110 read with section 34 of the Electoral Act, 1979 (Act 45 of 1979), further read with section 3 of the Divisional Elections Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 46 of 1980) -

(a) Friday 6 May 1983 is hereby fixed as the day on which a nomination court will, in respect of every electoral division mentioned in the first column of the Schedule, sit to receive nominations for candidates for election of a member of the Legislative Assembly of the Whites for the said electoral division;

(b) Wednesday 22 June 1983 is hereby determined as the day upon which, if a poll becomes necessary in any of the said electoral divisions for the reason that more than one person shall have been duly nominated in respect of any such electoral division at the close of the court sitting for the nomination of electoral candidates for that electoral division, the poll in respect of the election of a member of the Legislative Assembly of the Whites for the said electoral dicision shall be taken and it is hereby stated that the poll will in accordance with section 94 of the said Electoral Act, 1979, on that day commence at seven o'clock in the morning (07h00) and close at nine o'clock in the evening (21h00);

(c) the person referred to, opposite the name of the electoral division concerned, in the third column of the Schedule is hereby appointed to be returning officer at the election in respect of a member of the Legislative Assembly of the Whites for the said electoral division.

It is hereby further made known for general information that the nomination court aforementioned shall sit at the place indicated opposite the name of the electoral division concerned in the third column of the Schedule and that it will so sit from ten o'clock (10h00) till eleven o'clock (11h00) in the forenoon, in accordance with the provisions of section 41(7) of the Electoral Act, 1979, afore-mentioned: Provided that if at such last-mentioned hour any person present is then ready to propose a candidate or a person has been so proposed, but his nomination has not been completed, the returning officer shall continue the sitting for such period not exceeding half-an-hour as will enable such candidate to be duly nominated.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 12 April 1983

SO IS DIT dat, kragtens artikel 110 gelees met artikel 34 van die Kieswet, 1979 (Wet 45 van 1979), verder gelees met artikel 3 van die Afdelingsverkiesingsproklamasie, 1980 (Proklamasie AG. 46 van 1980) -

(a) Vrydag 6 Mei 1983 hierby bepaal word as die dag waarop 'n nominasiehof ten opsigte van elke kiesafdeling in die eerste kolom van die Bylae vermeld, sitting sal hou om nominasies te ontvang van kandidate vir die verkiesing van 'n lid van die Wetgewende Vergadering van die Blankes vir bedoelde kiesafdeling;

(b) Woensdag 22 Junie 1983 hierby bepaal word as die dag waarop, indien 'n stemming in enigeen van bedoelde kiesafdelings nodig word omdat meer as een persoon behoorlik ten opsigte van so 'n kiesafdeling genomineer is by die einde van die hofsitting vir die nominasie van verkiesingskandidate vir daardie kiesafdeling, die stemming ten opsigte van die verkiesing van 'n lid van die Wetgewende Vergadering van die Blankes vir bedoelde kiesafdeling gehou sal word en word hierby vermeld dat die stemming ooreenkomstig artikel 94 van genoemde Kieswet, 1979, op daardie dag om sewe-uur in die oggend (07h00) sal begin en om nege-uur in die aand (21h00) sal eindig;

(c) die persoon na wie in die derde Kolom van die Bylae verwys word teenoor die naam van die betrokke kiesafdeling, hierby as kiesbeampte by die verkiesing ten opsigte van 'n lid van die Wetgewende Vergadering van die Blankes vir bedoelde kiesafdeling, aangestel word.

Hierby word voorts vir algemene inligting bekend gemaak dat voormelde nominasiehof op die plek in die tweede kolom van die Bylae teenoor die naam van die betrokke kiesafdeling aangedui, sal sit en wel van tienuur (10h00) tot elfuur 11h00) in die voormiddag, ooreenkomstig die bepalings van artikel 41(7) van voormelde Kieswet, 1979: Met dien verstande dat as 'n aanwesige persoon op laasbedoelde uur gereed is om 'n kandidaat voor te stel of 'n persoon reeds voorgestel is, maar sy nominasie nog nie voltooi is nie, die kiesbeampte die sitting moet voortsit vir 'n tydperk, van nie langer as 'n halfuur nie, wat die kandidaat in staat sal stel om behoorlik genomineer te word.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur generaal Windhoek, 12 April 1983

SCHEDULE

| Electoral Division | Place where Nomination Court will be held | Returning Officer |
|---|---|---|
| Windhoek West | Conference room, 3rd floor, Cohen Building, c/o Kaiser and Casino Street, Windhoek | P.J. v.d. Westhuizen, Assistant Director, Department of Civic Affairs and Manpower, Room 3, Ground Floor, Cohen Building, c/o Kaiser and Casino Street, Windhoek |
| Pionierspark | Conference room, 1st floor, Cohen Building, c/o Kaiser and Casino Street, Windhoek | H.F.C. Jooste, Control Administrative Officer, Department of Civic Affairs and Manpower, Room 4, Ground Floor, Cohen Building, c/o Kaiser and Casino Street, Windhoek |
| Grootfontein | Courtroom, Magistrate's Office, Grootfontein | A.P.J. Kotze, Magistrate, Magistrate's Office, Tsumeb |

BYLAE

| Kiesafdeling | Plek waar Nominasiehof sitting sal hou | Kiesbeampte |
|---|---|---|
| Windhoek-Wes | Konferensiekamer, 3de Vloer, Cohengebou, h/v Kaiser- en Casinostraat, Windhoek | P.J. v.d. Westhuizen, Assistent-Direkteur, Departement van Burgersake en Mannekrag, Kamer 3, Grondvloer, Cohengebou, h/v Kaiser- en Casinostraat, Windhoek |
| Pionierspark | Konferensiekamer, 1ste Vloer, Cohengebou, h/v Kaiser- en Casinostraat, Windhoek | H.F.C. Jooste, Beheer Administratiewe Beampte, Departement van Burgersake en Mannekrag, Kamer 4, Grondvloer, Cohengebou, h/v Kaiser- en Casinostraat, Windhoek |
| Grootfontein | Hofsaal, Landdroskantoor, Grootfontein | A.P.J. Kotze, Landdros, Landdroskantoor, Tsumeb |

Printed and obtainable from
SWAPERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
SWAPERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika